Sommer net ...



## *NOORDWES*

Kyk, God, ek bid by Pa se stoel:
Ek vra vir noordewind wat daglank staan,
en swaar wolke op die kim,
vir grond deurdrenk met reën wat saad
laat opskiet tot malse groen die land oordek
met graan wat kophoogte staan.

Dis net U Vrede wat my antwoord
al waai die droë westewind.

*(Oud-Lidmaat, Klipkerk)*